

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

February 2021 Edition 1



Helping  
victims  
of GBV get  
justice

Page 5



New app  
helps save  
lives

Page 8

## Mass COVID-19 vaccine roll-out programme takes shape

**PRESIDENT** Cyril Ramaphosa has stressed that getting enough COVID-19 vaccines as quickly as possible – and making sure that they reach the people who need them – is one of government's biggest tasks this year.



Allison Cooper

**S**outh Africa's mass Coronavirus Disease (COVID-19) vaccination programme is set to speed up herd immunity when the first batch of one million Oxford University-AstraZeneca vaccines arrives from the Serum Institute of India (SII) in January.

The second batch of 500 000 vaccines is due to ar-

rive from the SII in February, says Health Minister Zweli Mkhize.

The aim of the vaccination programme is to achieve herd immunity across the population, says President Cyril Ramaphosa.

"When enough people are vaccinated, we will reach what is known as 'herd immunity' or 'population immunity'. This is when enough of the population is immune to the virus to provide indirect protection

to those who aren't immune, bringing the spread of the virus under control.

"While the actual level needed for herd immunity is not known, our scientists estimate that we will likely reach herd immunity once around 67% of our population is immune. This amounts to around 40 million people," he explained.

To achieve this, govern

Cont. page 2

### Minister Mthembu:

A great leader has fallen

Read more on **page 8**

Rest In Peace  
*Minister Jackson Mthembu*  
1958 - 2021



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

### CONTACT US

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:  
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 00083



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

**FREE COPY NOT FOR SALE**



# 'n Beter 2021 vir alle Suid-Afrikaners

**D**ie eerste weke van die nuwe jaar was maar moeilik vir alle Suid-Afrikaners. Die koronaviruspandemie het vererger, met nuwe infeksies wat baie vinniger gestyg en groter getalle bereik het as ooit vantevore. Hospitale is onder baie druk geplaas, met al hoe meer mense wat mediese aandag benodig het.

Alhoewel die meeste van die land se ekonomiese sektore nou al vir 'n hele paar maande weer in staat was om handel te dryf en te produseer, gaan dit tyd neem vir die ekonomie om te herstel, en werkskepping en indiensname om weer op die been te kom. Met die begin van die nuwe jaar is daar baie gesinne en families wie se lewens en lewensbestaan steeds deur die pandemie geraak word.

Die wêreld betree nou die tweede jaar van die koronaviruspandemie. Vir Suid-Afrika, soos ook vir die meeste lande regoor die wêreld, gaan die jaar 2021 vol uitdagings wees. Die tweede vlaag KOVID-19-infeksies kan heel moontlik deur nog vlae gevvolg word, wat bedreiging vir beide ons mense se gesondheid en die herstel van ons ekonomie inhoud.

Ek is seker daarvan, so moeilik soos wat vanjaar gaan wees, dat ons die pandemie te bowe sal kom en saam ons land koersvas op die herstelpad sal plaas.

Dié vertroue wat ek het, is te danke aan die mense van Suid-Afrika. As ek kyk na hoe Suid-Afrikaners van meet af op die krisis reageer het, vandat die eerste koronageval op eie bodem bevestig is, twyfel ek nie vir 'n oomblik dat ons die deursettingsvermoë, disipline en vermoëns het om

die virus te klop nie.

Die volstrekte meerderheid van Suid-Afrikaners het begryp dat dit noodsaaklik was om hul daaglike doen en late en aktiwiteite te beperk en die maatreëls wat in plek gestel is, te gehoorsaam — natuurlik was daar 'n paar uitsonderings. Inteendeel, dié maatreëls is getrou gevvolg en die meeste Suid-Afrikaners het voorts ook die verantwoordelikheid vir hulself en diegene om hulle op hulself geneem deur ag te slaan op voorkomingsmaatreëls soos sosiale distansiëring, die dra van maskers en gereelde handewas.

Waar dié voorkomende maatreëls egter nie gevvolg is nie, was die nagevolge ongelukkig ooglopend. Ons besef nou die risiko's verbonde aan samedromming in geslot spasies en tussen 'n groot aantal mense, noue kontak met ander mense en wat gebeur as mense nie maskers dra nie en 'n gesonde afstand van ander mense handhaaf nie.

Dit is goeie tekens vir die jaar vorentoe — ons weet immers nou baie meer van die koronavirus en hoe om die verspreiding daarvan te bekamp en, ten spyte van sogenoemde "pandemiemogheid", is ons, as Suid-Afrikaners, meer vasberade as ooit om te doen wat van ons vereis word.


Ons gaan ook, benewens dat ons die basiese voorkomingsmaatreëls selfs nog meer pliggetrou gaan handhaaf, 'n reuse inentingsveldtug van stapel stuur. Ons gaan, namate daar meer en meer mense ingeënt word, lewens red en boonop voortskrydend die risiko van infeksie onder die bevolking verminder.

Een van die jaar se grootste uitdagings gaan wees om

genoeg inentings te bekom — en seker te maak dat dit die mense wat dit benodig, bereik. Wat dit verder belemoeilik, is dat al die lande regoor die wêreld meeding vir die beperkte voorraad inentings wat beskikbaar is. Ons werk egter saam met handelsvennote, asook vennote in die arbeidsektor en die burgerlike samelewing, hard daaraan om soveel moontlik inentings te bekom. Ons is tans op 'n hele paar fronte besig om inentings te probeer kry, insluitend die globale COVAX-fasiliteit, die inisiatief van die Afrika-unie asook deur ons eie samesprekings met entstofvervaardigers.

Ons gaan ook kragte moet saamsnoer om ons ekonomie te herbou en transformeer, namate ons saamstaan om die pandemie die hoof te bied. Ons het beide die vermoëns en die wil om ekonomiese aktiwiteite te stimuleer, die ekonomie te ontwikkel en sodoende werkskepping te bevorder; dit alles te middel van 'n pandemie.

Staatsfinansies is erg onder druk, nou meer as ooit vantevore, weens die koste van ons gesondheidsaksieplan met betrekking tot KOVID-19 en die maatskaplike en ekonomiese verligtingsmaatreëls wat ons in plek gestel het om besighede en armoedige huishoudings te steun. Die krimping in die ekonomie beteken dat belastinginkomste ook noemenswaardig afgeneem het. Daar is sommige dele van die ekonomie wat langer gaan neem om te herstel, danksy die daling in die algemene wêreldwye aanvraag, asook die beperkings op internasionale reis. Ons gaan huis daarom inoverend moet wees en ons moet toespits op ons planne



om die ekonomie te herbou. Dit is noemenswaardig dat die Ekonomiese Herkonstruksie- en Herstelplan wat ons laasjaar in Oktober aangekondig het, gebaseer is op die breë konsensus onder alle maatskaplike venote rakende die aksies wat geneem moet word om die ekonomie te herbou. Dit skep 'n vaste basis vir doeltreffende samewerking gestel in die hulpbronne, vermoëns en kragte van alle dele van die samelewing.

Dié is merkbaar op verskeie praktiese maniere. Ons is, byvoorbeeld, in noue samewerking met verskeie privaat befondsers en multilaterale ontwikkelingsinstellings met betrekking tot infrastruktuurprojekte in gebiede soos vervoer, menslike nedersettings, water en telekommunikasie. Ons is besig om befondsingsmodelle vir dié projekte te ontwikkel wat van verskeie bronne in beide die openbare en privaat sektor gebruik sal maak en wat die Infrastruktuurfonds as middel gebruik. Dit is veral van belang gevewe die huidige beperkings op staatsfinansies.

Die Presidiële Werkskeppingstimulus is nog 'n voorbeeld van sulke venootskappe in aksie. Ons het, met die verstandhouing dat dit tyd gaan neem vir ekonomiese groei om 'n styging in werkskepping in die privaat sektor te toon, die ekonomiese stimulus geloods om onmiddellik te begin om werksgeleenthede te skep. Die Presidiële koördineer dié program, maar dit word deur 'n verskeidenheid staatsdepartemente en verskillende staatsfere geïmplementeer. Derdusende werklose mense

is, danksy dié program, nou in staat om beide geld te verdien asook om nuwe vaardighede aan te leer terwyl hulle waardevolle maatskaplike dienste lewer.

Dié program sal mettertyd ook 'n 'maatskaplike' indiensname-gedeelte insluit, waar ons saam met ander maatskaplike rolspelers bande gaan smee om mense in 'n verskeidenheid aktiwiteite in diens te stel — wat wissel van die bevordering van voedselsekuriteit tot die aansprek van geslagsgebaseerde geweld en die opgradering van informele nedersettings — alles in die belang van die samelewing.

Al dié werk word benadruk met 'n aggressiewe fokus op die ekonomiese hervormings wat tot die grootste mate op groei gefokus is. Dit sluit in om elektrisiteitsopwekking-kapasiteit te verhoog, om ons hawens meer doeltreffend en mededingend te maak, om toegang tot bekostigbare breëband te verbeter, en om die omkeertye van water-, mynbou- en ander lisensies te verbeter. Dié werk word gesamentlik deur my kantoor en die Nasionale Tesourie gemonitor en gekoördineer.

Daar is soveel wat ons in die jaar wat voorlê te doen staan en ons gaan sonder twyfel teen baie steil uitdagings te staan kom.

Ons het egter getoon dat ons as 'n nasie sukses kan behaal, mits ons saamwerk in die strewe na 'n gemeenskaplike doel.

Ons kan verseker, solank ons dit onthou en verenig optree, dat 2021 net beter gesondheid en beter lewens vir ons almal sal inhoud.

Ek wens julle net die beste toe vir die nuwe jaar.

# Busting the myths



**Allison Cooper**

**P**eople with albinism do die. They do not have super-powers. Their blood can't heal others and their body parts will not make you rich.

"They also do not repre-

sent an ancestor," says Dr Khensani Ngobeni-Mkize, a Mbombela-based specialist dermatologist (skin doctor).

"Albinism is a group of inherited genetic disorders in which there is reduced or no melanin production in the skin, hair and eyes," she adds.

Melanin is the pigment that

gives human skin, hair and eyes their colour.

"The only difference between a person with albinism and person without it, is the lack of colour. Due to reduced melanin, they have problems with their eyesight and prefer being in the shade because they are sensitive to the sun," says Dr Ngobeni-Mkize.

There are two forms of albinism, oculocutaneous (affects the skin and eyes) and ocular (affects eyes only).

Dr Ngobeni-Mkize urges parents of children with albinism to empower their child. "See an eye specialist, make sure they get a proper education, encourage them and help educate the community about albinism. This is very important to stop the stigmatisation and discrimination."

## Sun protection is vital

Melanin is important because it creates colour in the skin, hair and eyes, which protects them against the damaging rays of the sun.

It's vital that people with albinism protect themselves from the sun to avoid skin cancer. A skin sore could be cancer if it changes, grows, bleeds, will not heal, or is

painful or itchy. They should also have their skin checked every six months and have their eyes checked by an eye doctor, who can provide them with glasses that can improve, but not cure, their eyesight.

Protect yourself from the sun by:

- Wearing a broad-brimmed hat.
- Wearing a light scarf or shirt with a collar to protect the neck.
- Applying broad-spectrum sunscreen, with UVB and UVA protection, that contains minerals and is water resistant. Apply sunscreen 20 minutes before sun exposure and re-apply frequently.
- Avoiding the sun between 10am and 3pm.
- Drinking water.
- Eating a well-balanced diet.

# My kind het epilepsie – wat nou?

**Allison Cooper**

**D**ie nuus dat 'n kind met epilepsie het, kan 'n skok vir die hele gesin wees. Tog is dit moontlik om 'n omgewing vol begrip, liefde en aanvaarding te skep waarin jou kind kan groei en kan glo in hul vermoëns om sukses te behaal.

Volgens Epilepsy South Africa kan ouers van 'n kind met epilepsie besorg wees oor hul kind se toekoms en dit moeilik vind om die toestand te aanvaar of daaroor te praat. Jy mag moontlik angstig, kwaad, depressief, onvolwaardig of skuldig voel, maar jy kan hierdie gevoelens oorkom deur jouself oor epilepsie in te lig.

Epilepsie behels die geneigdheid tot aanvalle ofte stuite, wat deur abnormale elektriese impulse in die brein veroorsaak word.



## Hoekom my kind?

Om epilepsie en die rede vir stuite te verstaan, verduidelik egter nie hoekom dit juis met jou kind gebeur nie.

Die onderliggende oorsaak van epilepsie is in ongeveer 66% van alle gevalle onbekend. Dit word na verwys as idiopatiese epilepsie. In die res van die gevalle kan die onderliggende oorsake wel geïdentifiseer word en word dit simptomatiese epilepsie genoem.

Daar is 'n verskeidenheid

onderliggende oorsake, byvoorbeeld kopbeserings, wat op enige ouderdom kan plaasvind; 'n besering tydens geboorte, soos 'n suurstoftekort met geboorte; koersstuipe, encefalitis, meningitis of masels as kind; en metaboliese of biochemiese versteurings of wanbalanse.

'n Doktor sal medikasie voorskryf na aanleiding van die ouderdom en fisiese toestand van jou kind, asook die tipe aanvalle wat jou kind kry. Onthou dat anti-stuip-

wekkende medikasie nie epilepsie genees nie, maar, in die meeste gevalle, sal dit die frekwensie en felheid van die aanvalle beperk.

## Wenke vir ouers van kinders met epilepsie

- Maak jou kind bewus van die toestand. Kinders van so jong as drie jaar oud kan verstaan dat die brein die liggaaam beheer. Ouer kinders kan 'n meer breedvoerige verduideliking met meer besonderhede verstaan.
- Lig familielede na aan die gesin in, asook jou kind se vriende, onderwysers en ander verantwoordelike skoolbeamptes.
- Maak seker dat jou kind 'n breedvoerige mediese ondersoek by 'n gekwalifiseerde professionele mediese kenner ondergaan, ideaal gesproke 'n neuroloog.
- Beklemtoon jou kind se talente en enige aktiwiteite

wat hul selfvertroue, selfaanvaarding en eiewaarde sal bevorder.

- Maak seker dat daar altyd volwasse toesig by aktiwiteite soos, byvoorbeeld, swem is.
- Maak seker jou kind neem hul medikasie getrou en soos voorgeskryf.
- Bepaal 'n vaste roetine met baie tyd vir rus, drie gebalanseerde maaltye per dag en gereelde oefening.
- Wanneer jy die epileptiese aanvalle aan jou kind verduidelik, gebruik woorde wat hulle sal verstaan.
- Moenie jou kind toelaat om epileptiese aanvalle of stuite as 'n verskoning te gebruik om huistake vry te spring of nie verantwoordelikheid te aanvaar nie.

**Kontak Epilepsy South Africa by 0860 374 537 of besoek [www.epilepsy.org.za](http://www.epilepsy.org.za) vir meer inligting en ondersteuning.**